

## HOOFSTUK 6: DIE VOORTGANG VAN DIE VERBOND

### 1. Ismael (Hagar se seun = kind van wellus)

Hoewel die Here aan Abraham en Sara beloof het dat hulle 'n seun sou hê, het hierdie belofte nie gou waar geword nie (Gen. 16 en 2:9-2). Hulle was nou al tien jaar in Kanaän en daar het nog niks gebeur nie.

- Dit was vir Sara te veel om so 'n lang tyd geduldig te wag. Sara het besluit om ander maatreëls te tref! Daarom het sy intussen haar slavin, Hagar, aan Abraham gegee sodat hy by haar 'n kind kon hê.
- Volgens die gebruik van daardie tyd sou die seun dan as Sara se seun beskou word, en sy sou hom dan self kon opvoed – wat ook nie presies so gebeur het nie!
- Die Here het hierdie optrede nie goedgekeur nie – hoewel Hy dit verdra het.
- Hierdie optrede van Abraham en Sara het getuig van 'n gebrek aan vertroue op die Here dat Hy sy belofte sou uitvoer.
  - Buitendien het dit diep ingegryp in Abraham en Sara se huwelik.
  - Die gevolge hiervan was huislike rusies, hartseer en verdriet.

Toe Hagar swanger word terwyl Sara nog nie 'n kind gehad het nie, het Hagar haar verbeel sy is die ma van die toekomstige erfgenaam. In werklikheid het sy volgens die reg van daardie tyd steeds Sara se slavin gebly!

- Sy het hoogmoedig geword en wou Sara se plek inneem, en daarom wou sy nie meer slavin wees nie.
- Sara het Abraham hiervoor verwyt, en toe Abraham haar op haar regte as meesteres van Hagar wys, het sy Hagar sleg begin behandel.

Dit was vir Hagar te veel. Sy het weggeloop in die rigting van Egipte. Egipte was haar geboorteland. Toe die farao destyds vir Sara in sy harem opgeneem het, was Hagar waarskynlik die slavin wat aan haar toegeken was.

God laat die saak egter nie daar nie. Vir God is dit 'n ernstige saak! Dit gaan oor 'n kind wat uit Abraham gebore word – en God het aan sy nageslag sy seën toegesê!

- In die woestyn het die Engel van die HERE aan haar verskyn.
- Die Engel van die HERE het haar aangespreek as die slavin van Sarai en haar beveel om terug te gaan en haar aan haar meesteres se gesag te onderwerp.
- Hy het haar ook beloof dat sy 'n seun sou hê en aan haar gesê om hom Ismael te noem, wat beteken “God hoor”.

Hagar en haar seun staan dus ook onder die besondere sorg van God! Hagar noem die put Lagai-Roï. Dit beteken “put van die Lewende wat my sien”. Sy bely God dus as 'n God wat sien! Merkwaardig dat Isak later daar gaan woon het (Gen. 25:11)!

Hagar het teruggegaan na Abraham en Sara toe. Sy het 'n seun in die wêreld gebring.

- Abraham het hom Ismael genoem, die naam wat die Engel reeds aan Hagar in die woestyn bekend gemaak het.
- Die Engel het ook vir Hagar gesê dat haar seun so ontembaar soos 'n wilde donkie sou wees, en dat hy in vyandskap met sy bloedverwante sou leef.

By dié geleentheid het die Here die **vierde keer** aan Abraham verskyn. Dit het duidelik geword dat daar nou 'n seun gebore was en dat die spanning oor die vervulling van God se belofte aan Sarai

verswak het. Ismael was nou al dertien jaar oud!

Abraham het dus ongetwyfeld versterking nodig gehad. Daarom het die Here weer aan Abraham verskyn en dit duidelik gemaak dat Ismael nie die beloofde nageslag was nie.

- Hy het tog 'n seën van die Here ontvang. Die seën het net op die natuurlike gebied betrekking gehad.
- Die verbondsbeloftes het nie op Ismael betrekking gehad nie. Dit het soveel duideliker geword toe Isak gebore is.

## **2. Die verwoesting van Sodom (Gen. 18:17-19:29)**

Kronologies pas die verwoesting van Sodom en Gomorra hier in. Kyk p. 26.

## **3. Abraham trek na Gerar toe (Gen. 20)**

In die jaar voordat Isak gebore is, het Abraham weer 'n keer 'n ernstige flater begaan! Hy het weer sy vrou verkoop!

Dit het so gebeur:

- Van Hebron af het Abraham suid getrek en as 'n vreemdeling in Gerar gaan woon.
- Weer was Abraham bang dat hy doodgemaak sou word ter wille van Sara.
- Weer kom hulle ooreen dat Sara sal sê dat sy sy suster is (net soos die keer in Egipte)!
- Weer 'n keer het hierdie houding van die twee tot gevolg dat mans in Sara begin belangstel – Abimeleg, die koning van Gerar, laat Sara haal!
- Al Persoon wat Sara nou kon red, was God self – en Hy doen dit ook!
- In sy goedheid gaan die Here in 'n droom na Abimeleg toe en dreig hom met die dood!
- In sy droom kom Abimeleg agter dat wat hy in die onskuld van sy hart gedoen het, 'n groot fout was. Abimeleg se vrou en hulle slavinne het intussen siek geword – en nadat hy Sara teruggegee het, moes Abraham bid dat die Here Abimeleg se vrou en die slavinne weer gesond sal maak!
- Abimeleg het Abraham baie ernstig vermaan – dit moes 'n groot vernedering vir Abraham gewees het dat 'n heiden hom daarop moes wys dat hy hom dinge laat doen het wat onbetaamlik was!
- Die houding van Abimeleg getuig van 'n baie hoë sedelike standaard.

Gelukkig het hy Abraham nie soos die Egiptiese koning met weermaggeweld uit sy land uitgegooi nie. Hy het vir hom geskenke gegee en ook 'n boeteprys (van duisend sikkels silwer!) vir Sara.

## **4. Die geboorte van Isak (Sara se kind = kind van die belofte)**

Reeds 25 jaar tevore het die Here aan Abraham beloof dat hy 'n seun sou hê (Gen. 12:1-8; 24). Hy het Abraham se geloof op die proef gestel, daarom is die beloofde kind nie dadelik gebore nie. Nou het die Here sy belofte waar gemaak, al was dit vir Sara in haar ouderdom menslik al onmoontlik om 'n kind te hê.

- Sara was negentig en Abraham honderd jaar oud. Daarom was die geboorte van Isak 'n wonder van God.
- So bring die Here in die geskiedenis redding vir mense en bewerk Hy nuwe lewe wanneer alles, menslik gesproke, onmoontlik geword het dat dit nog kan gebeur. Dit was ook presies so met die geboorte van Christus eeue later.

Abraham het sy seun Isak genoem. Die naam hang saam met die Hebreeuse woord vir “lag”, of “gelag”.

- Dit herinner daaraan dat Sara gelag het toe die drie engele aan haar beloof het dat sy 'n seun sou hê

(Gen. 18:12).

- Abraham het self ook gelag toe die Here belof het dat Sara 'n seun sou hê.
- Daarom lê daar in die naam Isak 'n herinnering aan die twyfel en ongeloof van altwee sy ouers – maar genadiglik lê daarin ook die beloftes van toekomstige heil.

Op die agste dag is Isak besny. So is hy in die verbond opgeneem.

- Die feit dat Ismael nie in dieselfde genadekring van die Here as Isak gestaan het nie, het uitgekóm in die feit dat Ismael Isak nie kon verdra nie, en hom verkleineer het. Het hy miskien misplaaste verwagtings gehad omdat hy Abraham se oudste seun was?
- Ismael het met hom die spot gedryf op sy speenmaaltyd, en dit het gelei tot die wegstuur van Ismael.
- Hierin moet die leiding van die Here ook gesien word, want die Here wil hê dat Abraham in Isak die verwerkliking van die belofte van 'n nageslag moet sien.
- Alleen die seun van die vrygeborene is gebore kragtens die belofte van God.
  - Nie die kinders wat volgens die loop van die natuur gebore is nie, maar die kinders van die belofte, word gereken tot sy nageslag (kyk Gal. 4:21-5:1).

## 5. Isak moet geoffer word

Toe Isak groter word, het die Here met 'n swaar eis na Abraham toe gegaan. Hy moes sy enigste seun, wat hy liefhet – die seun van die belofte – gaan offer.

- God het hierdie opdrag aan Abraham gegee om sy geloof te beproef.
  - Abraham se geloof moes blyk uit sy gehoorsaamheid. As van Abraham gevra word dat hy die een wat hy die liefste het, aan God moet gee, dan moet hy dit met gewilligheid doen.
  - In hierdie allerswaarste beproewing moet die krag van sy geloof blyk uit sy gehoorsaamheid aan God.
- Abraham het geen oomblik teruggedeins nie. Hy was gehoorsaam en het gehandel sonder om teë te praat. Die volgende dag was hy reeds op pad. Sy reis het drie dae lank geduur na die landstreek Moria toe. Toe hy daar kom, het die Here hom gewys op watter berg hy sy seun moes offer.

Hierdie besondere berg is baie belangrik, want hier het verskillende dinge gebeur wat openbaringshistories belangrik is:

- Dit was dieselfde land waar die berg Sion lê waar die Here die Tien Gebooie gegee het.
- Die tempel sou later daar gebou word.
- Die offerplek was naby die plek waar die Golgota-heuwel is waar Christus hom vir sy volk sou offer.
- Dit is ook naby die plek waar die engel van die Here gaan staan het toe Dawid gestraf is omdat hy die volk laat tel het.

**Maar toe die engel sy hand uitsteek na Jerusalem om dit te verwoes, het dit die HERE be-  
rou oor die onheil, en Hy het aan die engel wat die verwoesting onder die volk moes aan-  
rig, gesê: Genoeg, trek nou jou hand terug! Die engel van die HERE was toe by die dors-  
vloer van Arauna, die Jebusiet**

(2 Sam. 24:16, AFR1953).

- Dit is ook naby die dorsvloer waar die Here Ussa doodgeslaan het met weerlig toe die ark op 'n wa vervoer is, in plaas daarvan dat hulle die ark gedra het.

**En toe hulle by die dorsvloer van Nagon kom, het Ussa sy hand uitgesteek na die ark van  
God en dit vasgehou, want die osse het gestruik (2 Sam. 6:6, AFR1953).**

Abraham het vir geen oomblik getwyfel dat God magtig is om sy seun uit die dood uit op te wek nie.

Isak het gevra: **“Waar is die lam om te offer?”**

Abraham het geantwoord: **“God sal sy eie offerlam voorsien.”**

Abraham het nooit aan God se belofte getwyfel nie, maar was daarvan verseker dat God magtig is om te doen wat Hy beloof het (Rom. 4:18-22, Heb. 1:17-19).

Abraham het ’n altaar gebou, die hout daarop reggesit, Isak vasgebind en hom op die hout neergesit. Toe hy die mes vat om sy seun te slag, roep die Engel van die Here na hom:

**“Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie”** (Gen. 22:12, AFR1983).

- Abraham het Isak losgemaak en ’n ram wat hy daar in ’n bos gekry het, as brandoffer geoffer. Hy het die plek genoem “die Here voorsien”.
- Die ram word ’n plaasvervangende offer in die plek van die seun Isak.
- In hierdie gebeurtenis is die ram ’n voorspel/tipe van Jesus Christus wat as plaasvervangende offer in ons plek God se straf vir ons sondes sou dra. In die ram wat geoffer is, kan ons ’n beeld sien van die Lam van God wat in ons plek getree het en die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29).

Die Here het hier weer sy belofte aan Abraham bevestig.

- Hy sal hom ryklik seën, en in sy nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees.
- In hierdie belofte lê in kern God se belofte van verlossing wat uiteindelik in Christus verwerklik is.

Isak is hier die afbeelding van die gelowiges (kerk) wat deur Christus verlos en versoen is.

## **6. Ismael en Isak**

Isak was die seun van die belofte. **Tussen Isak en Ismael het daar ’n teenstelling bestaan wat moes lei tot ’n besliste skeiding.** Hierdie skeiding het inderdaad plaasgevind toe Ismael aanleiding daartoe gegee het.

- Op die fees wat Abraham gehou het toe Isak gespeen is, was Ismael ook teenwoordig.
- Ismael het met Isak die spot gedryf.
- Sara het dit gesien en het Abraham versoek om Hagar en Ismael weg te jaag.
- Abraham het sleg gevoel hieroor, maar die Here het vir hom gesê dat hy dit moet doen.

**So is Hagar en haar seun weg uit die verbondskring uit, en sy het in die woestyn rondgeswerf. Daar het Ismael byna van dors omgekom, maar God het vir Hagar water aangewys. Ismael het bly leef, en God het sy belofte herhaal dat hy ’n groot nasie sou word (Gen. 21:9-18).**

In Galasiërs 4 word die stryd tussen Isak en Ismael soos volg uitgebeeld:

- Die stryd tussen vryheid en slawerny.
- Die stryd tussen Wet en genade.
- Die stryd tussen die natuurlike en die Gees.
- Hagar en haar seun wys heen na die verbond by Sinä.
- Sara en haar seun beeld die nuwe bedeling uit.
- Hagar, die slavin, staan teenoor Sara, die vrye.
- Almal wat soos Ismael alleen natuurlike kinders van Abraham is, sal verdryf word. So is Ismael die voorloper van almal wat hulle vyandig stel teenoor Christus (kyk Gal. 4:22-31).

## **7. Isak se huwelik**

Abraham het self vir ’n vrou vir Isak gesorg. Hy het opdrag aan sy slaaf, Eliëser, gegee om Mesopotamië toe te gaan en daar ’n vrou vir Isak te gaan haal. Die rede daarvoor was dat Abraham nie

wou hê dat Isak met een van die heidense Kanaänitiese vroue trou nie.

Eliëser het in Haran by die stad van Nahor aangekom en daar by 'n fontein gaan sit. Hy het vir die Here gebid om hom te help.

- Toe Rebekka, die dogter van Betuel, die seun van Abraham se broer Nahor, na die put toe aankom, het Eliëser geweet dat God sy gebed verhoor het.
- Eliëser is deur Laban, Betuel se seun, na sy huis genooi. Daar het hy kosbare geskenke aangebied om Rebekka as vrou vir Isak te kry.
- Aanvanklik is Rebekka se besluit nie gevra in verband met die huwelik nie.
  - Dit was die gewoonte in daardie tyd dat die beslissing oor die huwelik by die familie berus.
  - Rebekka het as 'n gelowige vrou saam met Eliëser teruggegaan.
- Toe hulle aan die einde van die pad Isak se blyplek nader, was dit teen die aand se kant toe Isak in die veld gaan stap het. Daar het hy hulle ingewag, en Eliëser het hom alles vertel wat gebeur het. Isak was veertig jaar oud toe hy Rebekka as sy vrou geneem het.

## **8. Isak ontvang die verbondseën**

Abraham het gesterf toe hy 175 jaar oud was. Isak en Ismael het hom in die Makpelagrot begrawe.

- Isak het nou die draer van die verbondsbelofte geword. Rebekka was egter onvrugbaar, en Isak het by die Here gepleit op grond van sy belofte dat sy 'n kind mag hê.
- Die Here het hierdie gebed verhoor en sy het inderdaad swanger geword en 'n tweeling in die wêreld gebring.
- Die Here het sy verbond met Isak hernu.

Weens 'n hongersnood moes Isak wegtrek, en hy het in Gerar gekom.

- Daar het hy, net soos Abraham voor hom gedoen het, ontken dat Rebekka sy vrou is omdat hy bang was dat hy ter wille van haar doodgemaak sou word. Hy het voorgegee dat sy sy suster is.
- Hierdie daad plaas 'n smet op Isak se lewe.
- Nogtans het die Here hom geseën. Hy het groot en ryk geword as gevolg van die tydelike en geestelike seëninge wat die Here hom gegee het.